

Skriflesing: Mattheus 1:18-25; Handeling 4:1-13

Heidelbergse Kategismus- **Sondag 11**

Teks: **Mattheus 1:21; Handeling 4:12**

Sing- SAMESANG- Ps.62:1,4

TYDENS EREDIENS- Ps.34:1,2; Ps.66:7,8 ; Ps.135:1,2

Sondag 11 begin met 'n Naam, broeder en suster- **Waarom word die Seun van God**

“Jesus”, wat Verlosser beteken, genoem? Dadelik besef ons dat 'n naam in die Here se oë is nie maar net 'n Naam nie. Veral nie die Naam waarmee ons in hierdie deel van ons belydenis mee begin nie. Sondag 11 tot Sondag 13 gaan oor die Name van ons Middelaar, en vanaf Sondag 14 tot Sondag 22 gaan oor die state van die Middelaar. Elke keer laat ons belydenis ons goed verstaan, selfs ons kinders kan dit begryp, dat in elke Naam waarmee ons hier te doen kry, het ons eintlik met die heerlijkheid van God te doen. Geen Naam kan soeter wees, heerliker wees, as die Name waarmee God die Vader Self sy Seun aanroep.

Dit alles begin sommer op die eerste bladsy van die Nuwe Testament. Die engel van die Here wat in 'n droom aan Josef dit baie duidelik maak – *Maria sal 'n seun baar en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.* Dit waarmee die Nuwe Testament begin, die Naam van Jesus Christus, is egter geen nuwe Naam nie. Uit en uit is die Naam Jesus ook 'n Ou-Testamentiese naam, 'n voluit Israelitiese Naam. Dink aan die name, Josua, Hosea, Jesaja, almal bekende Ou-Testamentiese name, en tog name wat baie duidelik met die Naam Jesus verband hou. Josua die veldheer wat die Gods volk a jare se omswerwinge in die woestyn uiteindelik die beloofde land ingelei het. Hosea wat op 'n manier die klank van die Jesus Naam dra. Hy wat met 'n slegte vrou moes trou om daarmee God se liefde en besorgdheid oor sy ontroue en afvallige volk te bewys. Jesaja wat weer op 'n ander manier die komende verlossing van God moes uitdra vir elkeen wat werklik daarna smag.

Ons het met die Naam van Jesus geen nuwe Naam nie en tog wanneer die Name so ná mekaar verskyn, dan gee die engel self die verklaring aan wat Jesus spesifiek beteken- die engel wat dit so uitdruklik voorop stel-...*jy moet hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.* Duideliker kan dit nie! In alles is Jesus waarlik die Saligmaker, dit wat die Naam Jesus beteken. Petrus laat ons in Handeling 4 dit baie

duidelik verstaan- *En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.* Wanneer Petrus op baie duidelike manier alleen Jesus se Naam uitsonder, dan gebeur dit kort na Pinkster. Sopas het hulle daardie kreupele in die Skone poort genees. En wanneer Petrus en Johannes saam na die tempel gaan, en sodra hulle die tempelgebou wou binnegaan word hulle daar by die ingang voorgekeer. Hierdie kreupele wat al jare nie kan loop nie, dit wil lyk hy is so gebore. Elke dag het iemand, familie of 'n vriend hom maar net daar kom neersit, met die gedagte hier in die Skone poort word hy darem ietsie gegee om te eet en so bly hy in die lewe. Dit wat hy daardie dag van Petrus en Johannes sou vra was maar weer net 'n fooi, ietsie te ete. Dit wat hy werklik sou ontvang kon hy op geen manier verwag nie. Dit begin waar die Naam van ons belydenis vandag mee begin- *Silwer en goud het ek nie, maar wat ek het dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasarener, staan op en loop!* En so gebeur die wonderlike dat hierdie man staan op en loop die tempel binne.

Ons moet nou dadelik besef hier gebeur iets groter as wat ons dalk dink. Hierdie was nie meer net 'n weldaad aan hierdie enkele verlamde in Israel nie, maar deur hierdie enkele weldaad maak die Here aan ons bekend wat Hy eintlik doen. Hy wat die hele Israel uit hulle verlamming opwek, want in hierdie een man word eintlik 'n beroep op die hele volk gedoen. Handeling 3:13 trek Paulus hierdie weldaad na die wydtes van wat werklik gebeur het. Petrus begin waar die verbond sy diepste betekenis moet kry- *Die God van Abraham en Isak en Jakob, die God van ons Vaders, het sy Kind Jesus verheerlik...* Vers 15 kom dit daarop aan- Hierdie opstaan van 'n enkele verlamde man is eintlik net moontlik omdat daar 'n groter opstanding was- Vers 15 roep dit uit- *God het die Leidsman- ...God het Hom uit die dode opgewek, waarvan ons getuies is...* En dan maak vers 16 spesifiek melding van wat die Naam kan doen- *En deur die geloof in sy Naam het sy Naam hierdie man wat julle sien en ken, sterk gemaak, en die geloof wat deur Hom is, het hom hierdie volkome gesondheid gegee en die teenwoordigheid van julle almal.*

Broeder en suster, hoe radikaal staan dit eintlik! Dit wat Petrus hier aan 'n enkeling gedoen het, die Here wil dit aan sy hele volk doen. As Petrus die Naam van Jesus so

aanroep, daardie oomblik as Petrus juis in die Naam van Jesus praat- *In die Naam van Jesus Christus, die Nasarener, staan op en loop!* Dan is dit nie maar net sy Naam wat aangeroep word nie, maar dan is dit Jesus wat Self daar is. Hyself tree op, Hy kom eintlik in hierdie prediking en deur dit wat in sy Naam gesê en waarlik geglo word, is dit Hyself wat sê, dit is Hyself wat optree, Hy help, Hy red, Hyself maak werklik die hele verskil. Dit wat Hy werklik Self doen, dit maak dat ons Hom 'n Maker kan noem, die Saligmaker, dit wat die Naam Jesus presies beteken!

Ons kan ook dink aan die gebeure in Lukas 19 waar daardie kort mensie Saggeüs, klein van persoon, homself hoogte wou gee deur in 'n wildevyeboom in te klim, want wou hy Jesus sien, as Jesus daarlangs sou verbygaan. Hy wat dink om Jesus eerste te sien, het eintlik nie besef Jesus het hom klaar gesien nog voor hy in die boom was. So 'n Saligmaker is hierdie Jesus. Vers 5 sê Jesus vir hom- *Saggeüs maak gou en klim af, want ek moet vandag in jou huis bly.* Watter sondige man was hierdie Saggeüs nie, 'n tollenaar, al was sy liggaam klein, sy sonde was nie klein nie...So groot was sy sonde dat toe die ander mense dit sien het hulle gemurmureer en gesê- *Hy het by 'n sondige man tuisgegaan...* Min het hulle verstaan en besef wat Jesus werklik beteken. Hoekom word Hy werklik genoem wat Hy genoem word- Jesus wat Verlosser beteken- As Jesus met Saggeüs en oor Saggeüs praat- dan is dit weereens so duidelik as die Here in sy saligmakende Naam dit Self sê- *Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom, aangesien hierdie man ook 'n seun van Abraham is. Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was.*

Ons kan vanuit hierdie woorde Jesus dit eintlik Self hoor sê- **EK IS SALIGMAKER!** Al klim hy in die boom die Here sal Hom daar afhaal nie om Hom te veroordeel nie, maar om eerste te doen Wie Hy vir ons wil wees. 'n Redder te wees! Die Here het eintlik Saggeüs gaan opsoek om hom te red. Dit wat Saggeüs in homself was, totaal verlore, ongered, ongelukkig, rampsalig; dit moes Saggeüs laat besef dat die redding juis net by Jesus is. Hy wat die hulp van 'n boom nodig gehad het om te sien, die Here het nie werklik hulp nodig om ons te sien nie. Die Here maak ons salig wanneer ons juis onself glad nie kan help nie! Saggeus wat 'n ryk man was, 'n gesiene man, owerste van die

tollenaars, maar hy is nie 'n gelukkige mens nie. Hy het gehoop as Jesus maar net sien dan sal dinge dalk kan verander. Die Here is egter 'n Saligmaker groter as wat Saggeus besef. Soos die kreupele daar in die skone gang baie meer ontvang as wat hy gevra het. Hy kan weer loop, Saggeüs moet die boom uitklim, na sy huis moet die Saligmaker gaan. Wanneer Jesus dan in Saggeüs se huis tuisgaan dan breek sy hart. Ek is 'n sondige mens.

Voor die Here en voor almal daar het hy sy sonde bely en sy geloof in Jesus die Saligmaker betuig. Watter voorreg as Jesus vir Saggeüs noem wat geen mens hom nog ooit genoem het nie. Die Here noem Saggeüs, die tollenaar, hom wat mense so verag het, hulle het hom uitgeskel as 'n totaal verlore sondaar, die Here maak hom waarlik gelukkig, die Here red hom, Hy noem Saggeüs – *seun van Abraham*. Hierdie totale insondige man, Jesus maak hom salig. Die Here wat gekom het om te soek en te red die wat verlore was. Die Here bestraf nie vir Saggeüs oor sy rykdom nie en nie vir 'n oomblik het Jesus by Saggeüs ontuis gevoel nie, omdat Jesus juis gekom het om hom te verlos.

Ons belydenis wil dat ons saam met die betekenis van die Naam Jesus juis dit goed besef dat Jesus is 'n *volkome* Saligmaker (V/A 29), maar Hy is ook die *enigste* Saligmaker (V/A 29 en 30). Ons wil egter uit onself nie erken watter Saligmaker ons nodig het nie. Die mens wil gewoon nie aanvaar dat die grootste nood wat daar vir ons is, is juis ons sondenood. Mense maak selfs grappies daaroor, en tog watter grappie is daar te maak as die dodelikste kwaal waaraan ons ly en waaronder ons werklik vir ewig verlore kan gaan werklik na gekyk word. Om te moet gaan na 'n plek waar mense eindeloos ween en kerm, , hulle op die tande kners, daar waar daar geen lig is nie, dit is net donkerte, daar waar die wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie. Ons nood der node is ons sonde. Alle ander slegte dinge is wel simptome van die sonde, dit dra die gevolge van die eintlike en diepste oorsaak van ons ellende nl. ons sonde.

As Jesus as Saligmaker hier bely word, of dan ons Verlosser, dan kom Hy nie maar net by die simptome uit nie, maar die werklike diepe kwaal, die hoofsaak word reggestel. Die simptome verdwyn dan mos eintlik self as daardie hoofkwaal eers verwyder kan

word. Daarom is daar geen oppervlakkige manier of maklike manier waarop ons verlos kon word nie. Terwyl ons in hierdie wêreld is, die wêreld met sonde besmet, sal daar altyd die gevolge van die sonde ook wees. Siekte, teëspoed, vervolging, baie swaar dinge, sal daar altyd wees. Die Here wat ons Verlosser is het nêrens belowe dat terwyl die wêreld so lyk ons van alle gevolge van die sonde verlos sal word nie. 2 Petrus 3:13 verklaar duidelik dat hierdie wêreld is nie ons eintlike woning nie.

Al is Jesus 'n volkome Verlosser, 'n volkome Saligmaker, en kan Saggeüs Jesus werklik as Verlosser ontmoet het hy wat Saggeüs is nog steeds 'n stryd om te stry. Hy het vir Saggeüs uit die kloue van die geldgod kon uitruk, daardie kettings wat van hom afval, maar nog altyd moet Saggeüs besef hoe was my lewe toe ek myself aan geld oorgegee het. Watter gemors het ek toe van my lewe gemaak, al was ek so ryk beteken nie dat ek baie gelukkig was nie, dat ek salig was nie.

Jesus het my volkome verlos. Soos vir Saggeüs het Jesus iets geweldig belangrik ook vir jou en my gedoen. Jesus het ons met God versoen. Die woordjie versoening moet ons altyd as van die belangrikste in ons lewe beskou. Dit wat Jesus vir ons by God gedoen het, Hy het ons met God versoen, want Hy het God se toorn oor die sondes in ons plek gedra. Hy het deur sy eie lewe tot in die dood prys te gee Homself geoffer as soenoffer vir *al* ons sondes. Ons moet dit goed besef dat ons nie uit onself iets kan bydrae nie. As Jesus maar net gedeeltelik Verlosser was, en ons moes met ons lewe en goeie werke die ander deel van ons verlossing verdien, dan sou selfs dit wat Jesus vir ons gedoen het ook niks beteken nie, want ons kan werklik uit onself niks tot ons eie verlossing bydrae nie. Jesus moes dit vir ons, in ons plek volkome doen. Dit is werklik hier 'n geval van ALLES of NIKS!

Die naam Jesus is al die bevestiging daarvan. Hy wat alles vir ons moes gedoen het. Net om sy Naam te noem, is eintlik al om die hele Evangelie in 'n enkele woord saam te vat. Ons bely Hom, Jesus nie net as volkome Verlosser nie, Hy is ook die enigste Verlosser. In V/A 30 word ons gewys hoe daar in baie mense se gedagtes, ja selfs 'n groot deel van

die Roomse kerk meen dat hulle goeie werke of hulle aanbidding van Maria of die aanbidding van ander heiliges hulle darem so bietjie kan help om in die hemel te kom.

Die Kategismus vra dit eintlik baie reguit- of sulke mense wat glo hulle moet uit hulleself ook iets bydra, of ons dan werklik saam met sulke mense in dieselfde Christus glo.

Dadelik besef ons dit is so ernstig dat ons moet besef mense wat die lewe so benader om self ook hulle saligheid, of net 'n deeltjie daarvan te verdien staan nie voor dieselfde Christus as ons nie! Sulke mense verloën die ware Jesus. Al bely hulle Hom dalk met die *mond*, maar met die *daad* (die daad van werkheiligheid), verloën hulle, hul enigste Saligmaker.

Vir ons belydenis is daar slegs één van twee dinge moontlik! OF Jesus is nie volkome Verlosser nie, OF hulle wat hierdie Verlosser met 'n ware geloof aanneem, het werklik in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is. 'n Tussenweg is daar nie! Jesus het Self dit so duidelik gemaak. *Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie* (Joh.14:6) en dan ook Handeling 4 wat ons gelees het- v.12- *Daar is geen ander Naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie.* Ons kan ook 1 Tim.2:5 hier byvoeg- *Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus.* Waar God se Woord dit so duidelik stel, daarom dat die Kategismus dit ook baie skerp stel- In Galasiërs 1:8-9 se die Heilige Gees- *Laat die wat by die verlossing van Jesus iets wil byvoeg 'n vervloeking wees.*

Dit wat die engel gesê het, selfs nog voor die Jesus-kind se geboorte- *dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos-* dit is geweldig groot woorde oor so 'n babatjie uitgespreek. Maar Hy het gewys wat ons belydenis sê- vir Maria Magdalena het Hy van sewe duiwels verlos, en vir die man met die baie duiwels in hom, soveel dat die duiwels in klomp varke in gevaar het, vir hom was Jesus net so 'n Verlosser soos vir die Magdala vrou. Hy kon die misdadiger saam met Hom gekruisig, wie se hele lewe 'n hele gemors was, Jesus kon hom in 'n oogwink verlos. Deur nie hom van die kruis af te help nie, maar deur sy bestemming te verander, van die hel na die hemel! Glo u dat Jesus dit werklik so goed

kan doen, so volkome?! Glo u dat dit net Hy is wat dit kan doen?! Dan glo ons Sondag 11.

Dit is nie maklik om dit net so te glo nie. Luther het blykbaar 'n keer in 'n preek op sy oudag gesê- “Ek vrees as julle my oopsny, dan peul daar maar weer 'n pous uit my uit.” Wie beter as Luther het die Roomse gevaar besef dat hulle mense werkheiligheid wou leer, hoe jyself goeie werke moet kan doen om iets van jou saligheid te verdien- die pous peul in baie van ons uit! Die regverdiging is deur die geloof in Jesus Christus alleen. Alleen in Hom kan ons gered word. Al sou ek net vir een-duisendste van my verlossing verantwoordelik gewees het, dan sou ek daarvan 'n gemors gemaak het.

Luther snou dan ook die duiwel in 'n ander preek van hom toe- “As jy my beskuldig van sondes, dan wys ek jou na Jesus. Hy het al my skuld op Hom gelaai” En dan voeg Luther daarby- “En satan as jy iets aan te merk het oor my voortreflikheid en goeie werke, dan wys ek jou weereens na Jesus. Hy werk in my!”. Dit wat Luther sê, dit waarmee ons hierdie Sondag vandag mee kan afsluit is die vraag of ons werklik Jesus-mense is!? Hy wat die antwoord is, die enigste antwoord. Kan daar werklik in ons hele houding, ja in ons volle handel en wandel, kan daar in jou lewe gesien word dat daar net die Een is wat jy glo jou kon red. As jy nie bereid is om die eerste, eerste te doen nie. Jy besef nie die noodsaak dat Jesus jou van ons sondes moet verlos nie, dan sal die Naam Christus vir so een nog minder beteken. So een is ellendiger as die ellendigheid self.. Sonde is die dodelikste gif, die gevaarlikste vyand, die diepste nood wat daar vir 'n mens kan wees. Eers as jy werklik weet hoe nodig ek hierdie verlossing het, en dat Jesus my Verlosser is, kan die lig deurbreek. Daar is geen ander Naam waardeur ons gered kan word nie.

AMEN

Vrae uit Sondag 11

1. Wat beteken die Naam Jesus?
2. Noem name uit die Ou Testament waarmee die Naam Jesus in die Nuwe Testament mee in verband staan?
3. Wat het die apostel Petrus in Handeling 4 omtrent die Naam van Jesus gesê?
4. Wat moet ons uit Jesus se teenwoordigheid aflei as die Naam van die Here so direk aangeroep word?
5. In watter opsig kan ons in die lewe van Saggeüs die Here as Saligmaker aanroep?
6. Watter besondere naam het die Here vir Saggeüs daarna gegee?

7. Is daar enige deeltjie wat ons tot ons eie saligheid moet kan bydra?
8. Hoekom is die verlossing van Jesus 'n geval van alles of niks?
9. Hoe sal jy mense antwoord wat meen dat hulle goeie werke darem 'n klein bydrae moet kan lewer om hulle te red?
10. Watter merkwaardige uitdrukking het Luther 'n keer in 'n preek gebruik?
11. Is dit moontlik dat ander mense in jou lewe kan sien dat jy deur Jesus Christus verlos is?
12. Wat word bedoel met die *skuld* van die sonde (V/A 29). Wat word bedoel met die *mag* van die sonde (V/A 29). Wat word bedoel met die *gevolge* van die sonde? (V/A 29)

God Die Seun En Ons Verlossing Sondag 11 tot 19

SONDAG 11

